

Donderdag 1 September

Skrifgedeelte: Matteus 16:1-12

Fokusgedeelte: Matteus 16:1-4

Waarom moet Jesus 'n teken uit die hemel wys?

Matteus vertel hoe twee geswore vyande (vgl. Hand. 23:6-7) – die Fariseërs en die Sadduseërs – saamgespan het omdat hulle Jesus wou uitlok. Hulle vra van Jesus 'n teken uit die hemel. Met hierdie versoek wou hulle nie bevestiging vir hulle geloof kry nie. Hulle wou eerder regverdiging vir hulle ongeloof kry. Matteus het al twee keer tevore gesê wat die Fariseërs van Jesus dink, naamlik dat Hy duiwels uitdryf deur die aanvoerder van die duiwels. Hulle wou hê die skare moet net so min van Jesus dink as wat hulle doen.

Jesus ontbloot die Fariseërs en Sadduseërs se bedoeling wanneer Hy hulle antwoord. Hulle het die vermoë om 'n voorspelling oor die weer te maak en uit ondervinding is hulle dikwels reg met hulle voorspelling. Albei die groepe het daarop geroem dat hulle die Skrifte ken en verstaan. Hulle is egter so verhard teenoor Jesus dat hulle die tekens wat vooruit gesê is oor die Messias, nie in Jesus wil aanvaar nie. Hulle wou selfs nie eers Johannes die Doper se toepassing van die Skrifte op Jesus aanvaar nie. Daarom sal hulle nog net die teken van Jona kry. Die Heilige Gees sal met Jesus se opstanding uit die dood bevestig dat Hy die Christus is.

Soek jy ook 'n teken by die Here om jou eie moedswillige ongehoorsaamheid te probeer regverdig? So 'n teken sal jy nooit van die Here kry nie. Mag die Heilige Gees eerder jou oë verlig om in die geopenbaarde tekens van Jesus se werk die bevestiging te sien dat Hy die Verlosser is en bekeer jou van jou hardkoppigheid sodat jy die lewe in volheid mag hê en behou.

Sing: Psalm 118-1:12, 13, 14

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)